

Inhoud Hierdie preek wys wat beteken dit om die Here te volg. Navolging van die Here is om die Tien Gebooie te gehoorsaam sommer net omdat God God is, omdat God jou goeie Herder is wat jou niks laat kort kom nie. Dit is wie Jesus Christus is. Hy is die Goeie Herder van Psalm 23 wat deur sy lyding en opstanding as mens uit die dood, sorg dat ons alles ontvang wat God aan ons as sy kinders gee. Wie God vir ons is en wat Hy vir ons gee, dat ons niks kortkom nie, is omdat Hy God is, nie omdat ons sy Gebooie gehoorsaam nie. Ons luister sommer net na God se gebooie, net tot eer van God. Geestelikes wil van Jesus hulle goeie leermeester maak. Daarom volg hulle Jesus as net sulke goeie leermeesters as wie Hy is en maak gehoorsaamheid aan God se gebooie iets waardeur jy na God toe gaan sodat Hy jou geestelike tekorte en gebreke, waarvoor Hy nie gesorg het nie, moet aanvul. Geestelike verering van Jesus is om deur gehoorsaamheid aan God sy seëninge te ontvang. Geloofsgehoorsaamheid is om as geseënde kind van God sommer net te doen wat Hy sê, net omdat Hy jou Goeie Herder is.

Skriflesing Ps. 23; Mat. 5:17,18; 16: 21,24; Lukas 18: 18 – 34;

Teks Lukas 18: 22 “Kom dan terug en volg My!”

Tema: Jesus Christus die Here is God ons Herder wat ons volg

1. Jesus Christus skep deur sy lyding en opstanding uit die dood vir ons 'n nuwe manier om God te gehoorsaam – geloofsgehoorsaamheid. Christus sê Hy het gekom om die Tien Gebooie hulle volle betekenis te gee (Mat. 5: 17) en in Mat. 16 stel Hy dat ons agter Hom moet aankom. (Mat. 16:24)

Wanneer Christus sê Hy het “gekome” stel Hy dat Hy vir ons gebore is uit die maagd Maria, vir ons kom Hy onder Pontius Pilatus, vir ons gekruisig kom word Hy, vir ons gesterf Hy, uit die dood opgestaan Hy en aan die regterhand van die Vader gaan sit Hy. (Mat.16:21). Daarom beteken “om agter Christus aan te kom”, om in Hom te glo vir wie Hy is en wat Hy vir ons doen in sy lyding en opstanding.

Christus het “gekome” en ons “kom agter Christus aan” deur Hom te vertrou vir wie Hy is en wat Hy vir ons doen: sy lyding, kruisiging, sterwe, opstanding en verheerliking aan die regterhand van die Vader as Christus en Here.

Daarom beteken Mat. 16: 24 die volgende: wie Christus as Here vertrou, agter Hom aankom, moet hulle self verloën, hulle kruisopneem en Hom volg. Hierdie drie woorde, selfverloëning, kruisdra en volg, beskryf die nuwe wyse waarop ons die Tien Gebooie gehoorsaam omdat en deurdat ons in Christus glo.

Geloofsgehoorsaamheid aan die wet van God vir hulle wat glo in Christus is selfverloëning, kruisdra en volg.

Jesus Christus die Here is God ons Herder wat ons volg.

Vanoggend gaan ons kyk hoe gehoorsaam jy die wet van God op so manier dat jy besig is om Jesus te volg as jy dit wet op hierdie manier gehoorsaam: om Jesus te volg!

2. Is jy 'n volgeling van Jesus Christus?

Ons word daaglik met hierdie vraag uit verskeie oorde gekonfronteer. Met hierdie vraag word jy vandag eintlik aangeval en beskuldig dat al glo jy in Jesus Christus, is jy nog nie 'n volgeling van Jesus Christus nie. Ons gewone ou "commen" klomp Christene wat vanoggend hier sit, glo in Jesus, maar die ware Christene het Jesus se navolgers geword.

Dit is eintlik in 'n sekere sin presies die konfrontasie wat tussen Jesus en hierdie ryk jongman afspeel: hy doen aansoek om 'n navolger van Jesus te wees en Jesus keer hom af omdat hy nie aan die eis van 'n navolger van die Here wil voldoen nie!

In hierdie gesprek met die ryk jongman openbaar die Here hoe Hy as Here gevolg moet word. Dit is die eintlike vraag en saak wat die jongman aan die orde stel: "hoe word jy en hoe leef jy as 'n volgeling van Christus?"

Die openbaring wat die Here in hierdie gesprek gee, is

- dat jy nie die Here Jesus se volgeling kan wees deur Hom te bewonder as jou goeie leermeester en met wetsonderhouding besig te wees nie,
- jy moet Christus as die Goeie Herder van Psalm 23 volg en geloofsgehoorsaam wees.

Jy kan die Here net volg as jou Goeie Herder.

Dit is die verskil in hoe die jongman in Jesus wil glo en Hom gehoorsaam wil wees teenoor hoe die Here eis dat jy in Hom moet glo en Hom moet gehoorsaam: hy soek 'n goeie leermeester maar Jesus is die Goeie Herder!

3. Die houding waarin hierdie jongman Jesus nader, is belangrik vir die verstaan van hierdie gesprek. In Markus 10 vers 11 word gestel dat die jongman voor Jesus op sy knieë geval het en vanuit hierdie posisie aan hom die vraag gestel het: "goeie leermeester wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?" Die ander plek in die Bybel waar hierdie woord gebruik word "om op jou knieë nee te val", is met die soldatespot van die Here voor sy kruisiging, in Markus 15 vers 19: "Hulle het hom herhaaldelik met 'n stok op die kop geslaan en op Hom gespoeg en hulle knieë gebuig asof hulle aan Hom eer wou bewys."

Geestelike verering!

Jesus Christus die Here is God ons Herder wat ons volg.

Dit is wat hierdie jongman doen: hy vereer Jesus geestelik deur op sy knieë voor Hom neer te val. Hierdie geestelike verering is wat hy dan verwoord deur Jesus aan te spreek as "Goeie Leermeester".

4. Wat doen hierdie jongman in en met hierdie geestelike verering van die Here Jesus?

Jesus openbaar self dadelik wat hy met die Here probeer doen. Hy gee die geestelike verering wat God toekom op 'n bepaalde wyse aan Jesus, wie hierdie jongman sien as 'n besondere mens. Besonders weens Jesus se verhouding tot en met God en God se verhouding met Jesus soos hy glo.

Met hierdie verering en aanroep van Jesus wys die jongman dan eintlik dat hy bereid is om Jesus se volgeling te word. Dit is die inhoud en verloop van hierdie gesprek. Dit is eerstens 'n aansoek om 'n volgeling van Jesus te word. Tweedens is dit 'n gesprek oor die kwalifikasie om 'n volgeling van Jesus te wees.

Dit is die bedoeling van die vraag: "hoe kry 'n mens die ewige lewe?" Dit is die versoek aan Jesus: "aanvaar my as een van jou volgelinge!"

5. Die kinders! 'n Mens kry baie keer kinders wat vir hulle onderwysers vrae vra, nie omdat hulle nie weet wat die antwoord is nie, maar omdat hulle graag vir die onderwysers en kinders wil wys hulle ken die antwoord. Dit is daardie kinders wat jou sommer net irriteer net wanneer hulle hul hand vir die juffrou opsteek!

Dit is hoe hierdie jongman hierdie vraag aan die Here vra. Hy vra nie vir die Here die vraag omdat Hy iets wil weet by die Here nie. Hy vra die vraag om vir die Here te wys hy weet alles en daarom wys hy, hy kwalifiseer om een van Jesus se volgelinge te wees. Daarom lyk die Here se eerste reaksie op die vraag verkeerd te wees. Op die vraag hoe 'n mens gered word, moes die Here gesê het hy hoef net te glo in Jesus, hy hoef nie die wet te onderhou nie. Die Here moes hom nie na die wet gewys het nie, maar na die evangelie. Want 'n mens word nie deur die wet en die onderhouding van die wet gered nie, maar deur geloof in Jesus Christus.

Die Here egter reageer op die jongman se bedoeling dat hy wil wys hy kwalifiseer om Jesus se volgeling te wees. Daarom stel die Here aan hom dan dat hy die gebooie ken: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie vals getuienis gee nie, eer jou vader en jou moeder."

Daarmee gee die Here vir die ryk jongman die geleentheid om te wys en te sê wat hy eintlik wou: hy wil wys hy kwalifiseer om een van Jesus se volgelinge te wees. Hy verklaar op Jesus se wenk dat hy die gebooie van God van sy kinderdae af onderhou het. Hy het nog altyd na God se gebooie geluister. Hy het nog altyd God se gebooie onderhou.

Jesus Christus die Here is God ons Herder wat ons volg.

Die kinders! Hierdie jongman sê die volgende: 1. Hy was toe hy klein was altyd net 'n soet seuntjie gewees. 2. As tiener het hy altyd alles gedoen wat die Here vir hom gesê het en nou as 'n grootmens is hy elke dag besig om alles wat die Here vir hom in die wet wys, reg te doen.

Hiermee verklaar hy dat hy gereed is om as volgeling van Jesus te word want volgens hom kwalifiseer hy om 'n volgeling van die Here te wees. Wat weet ons waarmee is hierdie oom besig? Hy is besig om te lieg!

6. Jesus reageer op sy antwoord en wys vir hom dat hy nie met hierdie manier waarop hy besig was om die gebooie van die Here te gehoorsaam, kwalifiseer om 'n volgeling van die Here te wees nie.

Die manier waarop die Here hom wys hy kwalifiseer nie om 'n volgeling van die Here te wees nie, is om hom voor 'n toets te stel wat duidelik wys hoekom en hoe het hy die gebooie van die Here nog altyd gehoorsaam het. Die toets van die Here wys die rede en wyse waarop Hy God se gebooie onderhou. Die toets om 'n volgeling van die Here te wees, is om die gebooie van die Here op 'n ander manier te onderhou as die manier waarop die jongman die gebooie onderhou het.

Hierdie nuwe wyse van gehoorsaamheid wat Jesus eis word aan die orde gestel deur die uitdaging: "Gaan verkoop alles wat jy het, kom dan terug en volg my!"

Wat is hierdie toets waarvoor die Here hom stel?

- Dit is nie die nuwe elfde gebod nie!
Die Here bedoel nie dat hy aanvaar dat die jongman die gebooie reg onderhou het van sy kinderjare af en, dat naas hierdie regte gehoorsaamheid aan die wet, hy nog iets anders as gehoorsaamheid aan die 10 gebooie kort nie. Dan beteken dit armoede is die elfde gebod. Na jy alles gedoen het wat die Here in die 10 gebooie beveel, is jy nog nie reg nie. Dan moet jy nog eers arm word. Dan is jy reg volgens die Here se nuwe elf gebooie!
- Dit is ook nie om die nuwe bedoeling aan die 10 gebooie te gee nie. Die bedoeling van die 10 gebooie is liefde vir God en jou naaste nie, nie om arm te wees nie.
- Nog minder beteken die eis om alles te verkoop om 'n welsynswerker of opheffingswerker te word in die gemeenskap. Dan sou dit beteken dat die Here eis gehoorsaamheid aan die 10 gebooie en welsynswerk! Dit is nie die toets nie.

Jesus Christus die Here is God ons Herder wat ons volg.

7. Die toets wat die Here aan hierdie jongman stel wys hoe mense na God se gebooe luister wanneer hulle Jesus as 'n goeie leermeester vereer.

Dit spreek die Here dadelik aan as hy op sy knieë voor die Here gaan staan. Die Here stel dadelik dat hy Hom nie op hierdie wyse geestelik mag vereer nie. Spesifiek met hierdie kritiek: Hoekom noem jy my as mens goed, bedoelende op so wyse asof jy in my die goedheid van God kan leer ken en ontvang. Daarom stel die Here teenoor hierdie tipe geestelike verering dat net God goed is. Geen mens kan in 'n ander mens die goedheid van God leer ken of vind nie.

Dit is die ironie in Jesus se antwoord: Jesus is goed, nie omdat Hy 'n goeie leermeester is nie, maar omdat Hy self God is wat goed is. Jesus is self die Goeie God wat die Goeie Herder van sy skape, sy volgelinge is!

Dit is waaroor die toets dan gaan: dit gaan oor die verskil tussen

- geestelike bewondering van spesiale geestelikes en die manier waarop hulle jou leer om die Tien Gebooe te gehoorsaam teenoor
- die aanbidding van Jesus Christus as die Here en die wyse waarop Jesus jou as die Goeie Herder in 'n nuwe gehoorsaamheid aan Hom lei.

Die jongman wil Jesus as besondere geestelike mens vereer op so manier dat Jesus sy leermeester moet wees, sy geestelike voog en geestelike mentor.

- Jesus moet sy geestelike leermeester wees. Jesus moet wys en vertel hoe is God sodat in Jesus se vertellinge, wysheid en goedheid hy God kan leer ken en vind.
- Jesus moet wys en vertel hoe hy moet bid sodat hy reg kan bid soos Jesus wys hoe om te bid.
- Jesus moet hom leer hoe om God te gehoorsaam en te eer sodat hy in en deur Jesus se vertellinge en voorbeeld, God se goedheid in sy lewe kan vind.

8. Dit is hoe Jesus geestelik bewonder word deur hierdie jongman wat op sy knieë voor Hom staan. Jesus se geestelike leiding in woorde en voorbeeld gaan hom wys hoe hy met God kan onderhandel – Hy sal vir God doen wat God vra en dan sal God vir hom gee wat hy wil hê.

Met hierdie vraag wys die jongman hoe het hy nog altyd die gebooe van God gehoorsaam: om deur God geseën te word. Jy kry by God al sy seëninge deur jou gehoorsaamheid aan sy gebooe.

Die kinders! Dit is hoe hierdie jongman van kleinsaf die Here se gebooe gehoorsaam het. As klein seuntjie het hy geleer soet seuntjies kry al die tannies se aandag, en daarom was hy soet, om al die tannies se aandag en koekies te kry. As

Jesus Christus die Here is God ons Herder wat ons volg.

tiener het hy geleer dat gehoorsame kinders word prefekte en die hoofseun, en dit is hoekom hy God se gebooie gehoorsaam het. As jongman het hy geleer jy kan net goeie besigheid doen volgens die wet van God, om goeie diens te lewer en billike pryse te vra. Só word jy ryk en kry jy aansien – om die gebooie te gehoorsaam.

En as jy goed leef, kry jy ook somer by God die ewige lewe! Hy het die gebooie gehoorsaam om deur God beloon, geseën en versorg te word. Gehoorsaam om by God te kry wat God gee! Dit soek hy dan in Jesus as die geestelike voog, mentor en leier – om hom te leer so te leef dat 'n mens God se seëninge ontvang deur jou gehoorsaamheid aan God.

9. Teenoor hierdie geestelike verering en hierdie tipe gehoorsaamheid aan die wet, gehoorsaamheid om geseën te word, stel die Here dan die toets: Gaan verkoop alles wat jy het, kom dan terug en volg my!”

Ons mag nooit dink dat die Here vir die jongman iets wys wat hy kan gaan doen en reg kry nie. Almal, nie net die jongman nie, het dadelik besef die Here vra nou iets wat niemand sal kan doen nie: Gaan verkoop alles wat jy het, gee alles wat jy het vir die armes, en dan moet jy saam met Jesus arm gaan leef sonder besittings of 'n inkomste!

Die Here self wys ook dat hy iets vir die ryk jongman gewys het, wat vir hom onmoontlik was om te doen: “Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te kom as vir 'n ryke om in die koninkryk van God te kom.” (Luk.18: 25) Die naald wat hiervan gepraat word, is 'n baie nou gangetjie deur die stadsmure waardeur een mens net- net kon deur skuur, en 'n kameel nooit kan deurkom nie. Dit is wat die Here stel: hierdie ryk jongman kan nie een van sy volgelinge wees nie. Dit is vir hom onmoontlik om een van die Here se volgelinge te wees.

Almal het geweet dit gaan oor die onmoontlike en daarom vra hulle: “ Maar wie kan kan gered word?”

10. Die Here wys met sy antwoord dat jy nie deur armoede kwalifiseer om sy volgelinge te wees nie, want vir alle mense, ryk en arm, is dit onmoontlik om hulle self volgelinge van Christus te maak. Dit is net vir God moontlik om mense volgelinge van Christus te maak. Daarmee verklaar die Here dat net Hy jou iemand kan maak wat die Tien Gebooie op só 'n manier kan gehoorsaam, dat jy 'n volgelinge van die Here is. Jy kan jouself nooit 'n volgelinge van die Here maak in die manier waarop mense God se gebooie gehoorsaam nie.

Op geen manier nie kan die Here se oproep ooit verstaan word as die antwoord van die goeie leermeester nie. Dit is die teendeel. Die Here wys met hierdie toets dat Jesus niemand se goeie geestelike leermeester is nie. Die Here Jesus kan nooit as 'n goeie leermeester oor God gevolg word nie.

Jesus Christus die Here is God ons Herder wat ons volg.

Ons mag ons hier ook nie met die dissipels van die Here misgis nie. Toe hulle sien dat die jongman nie kwalifiseer om Jesus se volgeling te wees nie, het hulle gou-gou hulle self probeer regverdig om sy volgelingen te wees met hierdie verklaring: “²⁸ Toe sê Petrus: “Kyk, óns het van ons besittings afgesien en U gevolg!”

Jesus se antwoord aan Petrus bevestig nie aan hom dat hy die toets geslaag het nie. Dit is nie so nie dat Petrus-hulle toe geweet het hoe om die Here te volg, maar nie die jongman nie. Die Here se antwoord wys dat ook Petrus hulle nie sy volgelingen is deur hul besittingloosheid nie. Net Hy, Jesus maak mense sy volgelingen, nie dissipels wat hul self besittingloos maak nie.

11. Wat is die nuwe manier van gehoorsaamheid aan die wet van God wat jou 'n volgeling van die Here laat wees?

Met die eis, verkoop alles wat jy het en volg my, stel die Here dat jy nie soos die jongman God moet gehoorsaam om iets by God te wil kry nie, nie geld nie, nie aansien nie, nie mag nie, nie geluk nie en ook nie die ewige lewe nie.

In hierdie voorbeeld stel die Here die eis dat jy moet breek met die bygeloof dat Jesus 'n goeie leermeester is wie jy bewonder en jou leer hoe om God se geboorte te gehoorsaam, sodat God vir jou kan gee wat jy nodig het of wil hê, of jy nou arm of ryk is. Jy moet tot geloof kom in Jesus dat Hy, Jesus, God jou Goeie Herder is wie jou niks laat kortkom nie.

Die bekeringseis aan die jongman is om van alle geestelike leermeesters weg te draai en na Christus te draai wat jou voorgaan, nie met mooi lewenslessies en lewensvoorbeelde van hoe jy wat moet doen om te kry wat God gee nie, maar wat Jesus vir jou doen wat net God vir jou kan doen.

Net God doen die onmoontlike om in jou plek as God die sonde te wees wat jy is, om self onder jou sondeoordeel te ly, vir jou sonde die vloek aan die kruis dra, self vir jou sondes met sy dood betaal, self die verwerping van God vir jou sonde te dra en vir jou vandag die mens te wees in wie, en deur wie, jy vir God reg, goed en heilig gemaak word: Jesus aan die regterhand van die Vader.

En daarom maak Jesus jou 'n volgeling! Iemand wat na die Geboorte van God luister wat alles van God ontvang deur die geloof sonder enige gehoorsaamheid aan sy wet. Jesus Christus sorg vir alles wat ons as sondears nodig het, vergifnis, liefde, barmhartigheid, bewaring en beskerming, omdat Hy God ons Goeie Herder is.

Daarom luister ons na God se geboorte op hierdie nuwe wyse: sommer! Ons luister sommer net na God se geboorte. Sommer net omdat Hy God, ons Goeie Herder is. Sonder enige verwagting van beloning, vergoeding of seëning vir ons gehoorsaamheid.

Jesus Christus die Here is God ons Herder wat ons volg.

Om ons op hierdie wyse na God te laat luister, kan net Christus, Godself doen: Hy gee alles wat Hy as Goeie Herder vir ons bewerk deur sy lyding en opstanding sodat ons sonder enige rede anders as net dat Hy ons Goeie Herder is na Hom luister.

12. Kom ons kyk wat is die verskil tussen die gehoorsaamheid van hulle wat God se seëninge deur gehoorsaamheid wil kry, en hulle wat God gehoorsaam is sommer net omdat Hy God, ons Goeie Herder is!

Ps. 23 vers 3 se 1933 vertaling stel baie mooi dat die Here Jesus lei ons in die spore van geregtigheid om sy Naam ontwil. 'n Herder vertel nie vir sy skape wat is die regte pad waarop hulle moet gaan loop nie. Hy gaan voor en trap vir hulle 'n pad oop waarin hulle hom moet volg, op en in die pad wat hy vir hulle ooptrap. Hulle volg hom omdat hulle om as goeie herder vertrou en hulle loop in die pad wat hy vir hulle ooptrap en in voorgaan.

Daar is 'n totaal ander manier waarop mense voetspore gee vir mense om te volg. Ons sien dit op al die voetslaanpaaie en staproetjies in vakansie oorde en natuurreservate. Iemand gaan soek 'n mooi of uitdagende pad, en sit dan sulke voetspoortjies op wat die rigting aanwys waarheen mense moet draai en stap om die eindpunt van die roete te kry.

Die Here is ons Goeie Herder wat ons in die spore van sy geregtigheid lei. Hy trap vir ons 'n pad oop met sy lyding en opstanding vir ons sondes waarin Hy ons regverdig, heilig en sondeloos maak as die manier waarop Hy sorg dat ons niks ontbreek nie. Hy neem ons in sy liefde saam met Hom sodat ons in sy liefde leef en ons na Hom luister sommer net omdat Hy ons Goeie Herder is wat ons in sy liefde lei, waarin ons niks ontbreek nie.

Daarom luister ons sommer as Hy ons roep en lei in sy wil, ons doen wat Hy sê sommer net omdat Hy God is, God is wat God is, God is wat ons Goeie Herder is.

13. En dan kry jy goeie leermeesters! Hulle is die geestelike leiers wat vir jou mooi staproetes opstel hoe om by God en sy seëninge uit te kom. Hulle gaan lê vir jou geestelike paadjies uit met God se gebooe as die tien voetspoortjies wat jy moet self gaan stap en volg:

om by die genadige Here uit te kom; om by God se intieme innigheid in te kom; om by God se krag en mag uit te kom; om by God se drome en ideale uit te kom; om by God se visies en missies uit te kom; om God se versorging en bewaring uit te kom; om by God se genesing uit te kom; om by God se Gees uit te kom; om by God se hemel uit te kom; om by God se vergifnis uit te kom; om by God se versoening uit te kom.

Jesus Christus die Here is God ons Herder wat ons volg.

Geestelike paadjies waarin jy wandel waarin jy alles moet doen om by God uit te kom om te kry wat in jou en jou lewe ontbreek, omdat God nie daarvoor sorg voordat jy nie met die tien voetspoortjies na die Here toe geloop het nie.

14. Die Here se wet is nie vir ons die tien voetspoortjies wat ons na die Here lei sodat Hy vir ons kan gee wat ons kort nie. Ons het Jesus Christus as ons Goeie Herder wat deur sy lyding, kruisiging, dood, begrafnis, ter helle neerdaling, opstanding, hemelvaart en koningskap aan die regterhand van die Vader, sorg dat ons niks kortkom nie.

Ons luister nie na goeie leermeesters wat ons wys wat ons van God kort nie. Ons luister na die Here wat ons Herder is wat ons niks laat kort kom nie. Daarom luister ons sommer, sonder om te wil weet hoekom, sonder om iets daaruit te kry, sonder dat God vir ons enige rede moet gee, na wat Hy vir ons sê om te doen.

Ons is sommer net gehoorsaam, sonder enige rede of verduideliking, sonder enige behoefte of gebrek aan ons Goeie Herder, Jesus Christus. In die Gereformeerde kerk word hierdie tipe gehoorsaamheid bely as gehoorsaam, alleen tot eer van God, sonder enige ander rede. Só maak Hy alleen, God, ons sy volgelingen. Sommer net gehoorsaam aan God sommer net omdat Hy God is!

15. Is ons wie in Jesus Christus glo, volgeling van die Here Jesus Christus?

Ja! Hoekom? Want ons leef in die geloof, Jesus Christus is ons Here! Hy is God wat ons Goeie Herder is! Want ons gehoorsaam die Here omdat Hy die goeie Herder is en ons sy skape is.

Ons gehoorsaam Hom nie omdat ons groen weivelde, waters van rus en nuwe krag ontbreek en wil kry by Hom nie. Ons gehoorsaam Hom omdat Hy is wat Hy is: ons goeie Herder. Die Here is nie ons goeie Herder omdat ons van kleinsaf gehoorsaam is nie, maar omdat die Here die Here is. Jesus Christus die Here is ons God Herder!

Voldoen ons aan die eis wat die Here aan hierdie jongman gestel het?

Ja! Want ons vertrou op Hom as Here vir sy omvattende sorg as God en in hierdie vertroue leef ons in die geloof dat ons niks kort nie. Ja, want ons gehoorsaam die Herder op 'n nuwe manier. Ons luister na sy geboorte net omdat Hy die goeie Herder is, omdat God is wat God is. Ons doen sommer net wat Hy sê, net omdat Hy is wat Hy is, ons goeie Herder!

16. Nou hoekom voel ons dan altyd so minderwaardig teenoor die Jesus wat die kerk aan ons verkondig? Hoekom voel ons ons is maar net die “commen” ou gelowiges wat nog nie regtig volgelingen van die Here is nie?

Jesus Christus die Here is God ons Herder wat ons volg.

Want die kerk preek vandag die Jesus wat die goeie leermeester is vir sy geestelike volgelinge is. Dit is hoe Jesus in die kerk vandag verkondig word deur geestelikes wat hulle self sien as sy volgelinge teenoor die gelowiges wat hulle veroordeel as mense wat nog nie die Here volg nie.

Kom ons toets dit!

Kan u sê dat die manier waarop u die Tien Gebooie onderhou, is die manier waarop 'n volgeling van die Here die wet van God onderhou? Wanneer ek dit vir kinders vra is hulle antwoord altyd: "Nee" Dit is die vangstrik waarin hulle vasgevang word. Vra ek hulle is julle volgeling van die Here, sê hulle, "Ja" en bedoel daarmee dat hulle glo in die Here Jesus. Maar vra ek hulle is die manier waarop julle die wet onderhou hoe Jesus se volgelinge die wet onderhou, dan sê hulle: "Nee".

Want hulle word geleer dat 'n volgeling van Jesus volg die tien voetspoortjies en wyk nie van die voetspoortjies af nie. Hulle word geleer om Jesus as geestelike leermeester te volg wat hulle wys hoe om die tien voetspoortjies na God se seënninge te volg. Vra ek hulle sal julle ooit vir die Here sê Hy moet eers vir julle verduidelik hoekom julle na Hom moet luister, vir Hom vra wat is daarin vir julle as julle doen wat Hy vra of vir Hom vra wat gaan U vir my gee as ek luister, dan sê hulle weer almal: "Nee, nooit nie."

Die nuwe wyse van gehoorsaamheid waarin die Here jou sy volgeling maak, is juis net dit: Ek luister sommer net, al kan ek nooit alles regkry wat die Here sê nie en baie keer foute maak in wat Hy vir my sê, al kry ek dit feitlik nooit reg wat Hy vir my sê nie. Wie só gehoorsaam is, sommer net omdat Hy sê, en Hy sorg dat Ek niks kortkom nie, met al die foute en oortredings wat ek maak wanneer ek doen wat Hy sê, is 'n volgeling van die Here Jesus Christus!

Ons luister sommer, sonder rede, sonder vergoeding, sonder voordeel na die Here, want Hy is ons Goeie Herder wat sorg dat ons niks kortkom nie. Kom ons verwerp die Jesus van geestelikes wat hulle goeie leermeester is, wie vir hulle wys om as gebrekkige mense wat altyd een of anders geestelike te kort sou hê, voetspoortjies moet volg. Kom ons volg die Here wat ons Goeie Herder is. Hy laat ons niks ontbreek deur sy lyding en opstanding nie.